Na die eindhoeke

van die Aarde

Gereformeerde Kerk Benoni

na buite

Die Gereformeerde Kerk Benoni

Preek-gids vir 2022

Inhoudsopgawe

Saam met die apostels in Jerusalem: Pinkster! 5

Week 1: Vier pilare van die Geesvervulde kerk: Woordverkondiging 6

Week 2: Vier pilare van die Geesvervulde kerk: Gebed 8

Week 3: Vier pilare van die Geesvervulde kerk: Saam! 10

Week 4: Vier pilare van die Geesvervulde kerk: Sigbaar! 12

Week 5: Teenstand & Vervolging! 14

Week 6: Die Jesus dienskneg karakter van bediening 16

Week 7: Die geleentheid in die puinhoop 18

Week 8: Bekering & reaksie 20

Op reis saam met Paulus: Eerste Sendingreis 23

Week 9: Vanuit Antiogië na die lande om te gaan oes 24

Week 10: Die towenaar van Pafos 26

Week 11: Antiogië in Pisidië: 'Hier is ek, ek is bereid!' 28

Week 12: Ikonium: Die kontras tussen die kerk en die wêreld! 30

Week 13: Listra: Die storm van Zeus en Hermes 32

Week 14: Terug na Listra, Ikonium en Antiogië 34

Op reis saam met Paulus: Tweede Sendingreis 37

Paulus in Derbe - Die mentorverhouding met Timoteus begin

Week 15: Kerklike leierskap 38

Week 16: Die geheim tot rykdom rig die hande in aksie 40

Week 17: Getrouheid aan jou roeping 42

Week 18: Apologete van God se waarheid 44

Paulus in Filippi - Die Jesus stad: Koninkryk kinders van God in Jesus

Week 19: Positiwiteit haal ander oor en is `n kenmerk van vertroue 46

Week 20: Dit vereis `n spesifieke ingesteldheid om `n uitgaandissipel te wees 48

Week 21: Tot alles in staat deur die krag van God 50

Paulus in Thessalonika - Die Heerlikheid van kom

Week 22: Wat gebeur as ek sterf? 52

Week 23: Maranatha 54

Week 24: Vrede in vredeloosheid 56

Paulus in Korinthe - `n Geesvervulde kerk lewe NUUT!

Week 25: Eenheid is onvervangbaar in spanwerk 58

Week 26: My liggaam - `n Tempel van die Heilige Gees! 60

Week 27: Om mekaar en ander in ag te neem 62

Week 28: In liefde een 64
Week 29: Profesie en praat in tale 66
Week 30: `n God van orde en vreugde? 68
Week 31: `n Skat in kleipotte 70
Op reis saam met Paulus: Derde Sendingreis 73
Paulus in Efese – Alles onder een Hoof verenig!
Week 32: Om te bou saam God 74
Paulus in Rome – Die voleinding: Dit gaan alles oor Jesus!
Week 33: Ons roem oor Jesus 76
Week 34: Elke dag meer Jesus 78

Voorwoord:

Die gedagte van hierdie gids is om op sekere eienskappe van die uitgaande kerk en algemene dissipelpraktyk te fokus. Die kerk moet uitgaan en aan die mense oral waar hulle kom, bedien. Ons volg grootliks Paulus op sy sendingreise en kyk na die dorpe en plekke wat hy besoek. Ons gebruik dan daardie plekke om tekste te kry en boodskappe van die Here uit sy openbaring aan ons in hulle omstandighede te kry. Die doel is geensins om kronologies te werk te gaan, by `n tydlyn te hou of bloot net te kyk wat Paulus gaan leer het by verskillende plekke nie. Ons gaan ook nie na elke plek kyk waar hy was nie. Die doel is eerder om rond te reis deur die Bybel en sy reislyn as `n riglyn te gebruik om saam te leer oor ons werk as kerk.

Die tyd het gekom vir die kerk (jy) om meer sigbaar te raak en die Gereformeerde leer (Bybelse leer) om meer mense en meer plekke te bereik. Ons as kerk moet dit daarom dinamies en sigbaar bedien en aan meer mense van verskillende agtergronde en in verskillende situasies in die een en twintigste eeu toeganklik maak. Die kerk kan nie deur kultuur, tradisies of menslike gewoontes ingerig word nie, Jesus waarsku ernstig teen dit in Joh. 15:1 – 10. Dikwels is dit so dat ons, ons kerke deur hierdie goed te laat rig en inkleur en daarom die deur toemaak vir die persoon wat nie aan hierdie funksionering gewoond is of binne dit gekondisioneer is nie. Ons as gemeente word deur die Woord van die Here ingerig om ons roeping in Jesus uit te leef deur mense dissipels van Hom te maak. Ons funksioneer en staan daarom op die vier pilare van die Geesvervulde kerk:

1. Die Woord
2. Die Gebede
3. Die Gemeenskap
4. Die Sakramente

Vat saam met ons (die kerk) hierdie reis en fokus jou al meer daarop om na die eindhoeke van die aarde te gaan – om `n dissipel te wees wat uitgaan saam en met Jesus!

Saam met die apostels in Jerusalem: Pinkster!

Week 1: Vier pilare van die Geesvervulde kerk: Woordverkondiging

Skrifgedeelte: Hand. 2: 1 – 12 & 41 – 47 & Joh. 14: 15 – 31.

Teksgedeelte: Joh. 14: 26

Tema: Gereformeerd, wat anders?

Week Fokus: Vier pilare van die Geesvervulde kerk: Woordverkondiging

Hoe lyk `n kerk vol van die Heilige Gees?

Jesus self leer dat so ‘n kerk hulle hou aan die Woord van die Here. Hierdie Woord is dan die hele Bybel: Jesus self leer uit die OT en bevestig in Matt. 5 ook die goddelike gesag daarvan en die NT ontstaan na aanleiding van sy opdrag aan sy dissipels ‘gaan leer wat Ek geleer het’ en deur die werking van die Heilige Gees.

Hoe hou `n kerk haar dan aan die Woord? Daar is twee elemente in die antwoord van die vraag:

- Belydenis
- Praktyk

Die Gees werk saam en deur die Woord en die karakter van hierdie werk is om uit te gaan. Hoe leef ons dus meer visueel Geesvervuld?

Notas:

Week 2: Vier pilare van die Geesvervulde kerk: Gebed

Skrifgedeelte: Matt. 7: 7 – 11 & Hand. 2: 41 - 47

Teksgedeelte: Matt. 7: 7

Tema: Oorgegee, besig!

Week Fokus: Vier pilare van die Geesvervulde kerk: Biddend!

Gebed is nie alleenlik `n genadegawe wat ons moet gebruik nie, dit is ook `n lewende belydenis van wat ons glo want dit verklaar: 'nie ek nie Here, maar U alleen'.

Jesus leer ons om te bid en Hy leer vir ons wonderlike dinge oor gebed. Gebed gebeur dus in geloof in God wat magtig is, hierdie geloof bestaan uit kennis en vertroue:

- Kennis: Oorgegee in die wete dat God volmaak in beheer is en `n plan het.
- Vertroue: Besig om sy wil te soek en te doen want sy plan is al rigting waarin my lewe sin maak en saak maak.

`n Kerk wat biddend is, is `n kerk wat God vertrou en sy rigting soek maar dit is ook `n kerk wat besig is om in daardie rigting te leef en God se planne te vertrou.

Hoe maak biddend wees jou rustig in vertroue en besig in uitvoering?

Notas:

Week 3: Vier pilare van die Geesvervulde kerk: Saam!

Skrifgedeelte: Ps. 133: 1 – 3 & Hand. 2: 41 - 47

Teksgedeelte: Ps. 133: 1 & 3b

Tema: Hoe goed is dit as ons, gesin van God saamkom!

Week Fokus: Vier pilare van die Geesvervulde kerk: Saam!

Die Heilige Gees bind die gelowiges saam as `n heilige priesterdom wat hulle lewens offer vir die Here se eer! Kyk ons aan die begin na die skepping sien ons reeds God wil nie hê dat `n mens alleen is nie en Hy maak vir die man `n vrou en dan met die opstel van die verbond klim hierdie selfde waarheid teen `n volgende trap uit wanneer die Here weer duidelik maak dat die mense saam sy volk moet wees.

Wanneer die Heilige Gees oor die gelowiges kom dan bewerk Hy koinonia – die aksie waarin mense `n intieme verbintenis deel en in die aksies en voorregte van daardie verbintenis leef en funksioneer.

Ons sien presies dit in Ps. 133 dat die Here se seën rus oor hulle wat in `n verhouding van vrede en liefde met mekaar leef.

Die Heilige Gees bewerk koinonia, hoe leef jy onder leiding van die Gees in hierdie saak?

Notas:

Week 4: Vier pilare van die Geesvervulde kerk: Sigbaar!

Skrifgedeelte: Joh. 17: 1 – 26 & Hand. 2: 41 – 47

Teksgedeelte: Joh. 17: 21

Tema: Sodat die wêreld kan sien...

Week Fokus: Vier pilare van die Geesvervulde kerk: Sigbaar!

Wat is die sakramente?

Dit is sigbare tekens en seëls wat vir die gelowiges die beloftes en werke van God in die doop en nagmaal uitbeeld. Dit is handelinge wat in geloof moet gebeur volgens God se wil en orde daarvoor. Ons kan dus aanvaar en beleef dat die sakramente vertroos en versterk.

Wat ons egter ook moet weet is dat die Heilige Gees ons ook in daardie vertroosting en versterking oproep en aanmaan om sigbaar as verlostes wat aan God behoort te leef orals waar ons kom.

Die dinge waaraan ons deel kry in ons verhouding met God deur Jesus Christus is nie dinge wat die Heilige Gees slegs as skatte in ons stoor nie, die Heilige Gees wil dit ook in die wêreld gebruik om deur jou die nuwe lewe in Christus sigbaar te maak.

Is jou geloof `n sigbare uitlewing van die sigbare tekens wat God aan jou gee en beloof in die sakramente?

Notas:

Week 5: Teenstand & Vervolging!

Skrifgedeelte: Hand. 4: 1 – 22

Teksgedeelte: Hand. 4: 2, 3 & 8

Tema: Maak die Gees die bergpad maklik of die klimmers sterker?

Week Fokus: Teenstand & vervolging!

Ons sien dat Jesus self en sy volgers nog altyd teenstand kry van die wêreld en dikwels vervolg word en dit laat `n mens wonder waar die neiging onder ons as gelowiges 'dat bediening sonder uitdaging en probleme moet geskied' vandaan kom?

Die waarheid is eerder dat jou bedieningspad nie gelyk gaan wees nie, maar met baie opdraande, val en selfs seerkry gevul gaan wees. Laat die Heilige Gees dan die gelowige hier toe om hom/haarself van die werk te verskoon? Of is dit juis hier waar ons die krag, oortuiging en moedigheid wat die Gees bewerk moet soek, vat en volhard.

Hoe reageer jy wanneer die roepingstaak onmoontlik lyk?

Notas:

Week 6: Die Jesus dienskneg karakter van bediening

Skrifgedeelte: Hand. 5: 1 - 16

Teksgedeelte: Hand. 5: 2

Tema: Sonder ophou, sonder terughou & sonder perke: Jesus!

Week Fokus: Die Jesus dienskneg karakter van bediening

Ons dink dikwels ons kan `n soort van wêrelds wees en dissipel wees sinkretisme skep, dit is nie moontlik nie. Dit is of die een of die ander. In Rom. 6:16 leer ons baie duidelik dat:

"Julle weet tog: as julle julle aan iemand onderwerp om hom as slawe te gehoorsaam, is julle die slawe van dié een aan wie julle gehoorsaam is. As dit die sonde is, beteken dit vir julle die dood; as dit gehoorsaamheid aan God is, beteken dit vryspraak en lewe".

Oor hierdie rede het Jesus ook geleer as iemand agter Hom wil aankom moet hulle hulself verloën. Trouens soos Hy ook gedoen het ter wille van ons.

Hoeveel skatte (gawes) steek jy vir jou mede-gelowiges weg?

Notas:

Week 7: Die geleentheid in die puinhoop

Skrifgedeelte: Hand. 7: 54 – 8: 40

Teksgedeelte: Hand. 8: 1

Tema: Is daar dan ooit `n doel met die moeilike wat ek en ander mense moet beleef?

Week Fokus: Die geleentheid in die puinhoop!

Stefanus word oor sy geloof in Jesus met klippe doodgegooi, dit is tragies is dit nie? `n Mens lees hierdie verhaal en dink 'wat is goed hieraan'? Dadelik is ons menslike reaksie 'daar kan niks goed in hierdie tragedie wees nie'.

Eerstens moet ons opmerk dat Stefanus self dit nie as `n tragedie beleef nie. Hy sien die hemel geopen en beleef hoe Jesus hom kom haal. Die heerlikheid wat hy verkondig breek vir hom aan, hy gaan na die Here toe.

Die naskok van hierdie gebeure lyk ook soos `n tragedie: `n Hewige vervolging begin! Wat egter saam met daardie vervolging gebeur is: diaspora. Die mense wat na orals vlug en die Evangelie saam met hulle neem. Die bedieningsveld vergroot radikaal, al meer mense kan van Jesus hoor en al meer mense kan van Hom gaan vertel en leer. Die Evangelie begin sy reis na die eindhoeke van die aarde.

Hoe getuig ons binne menslike 'tragedie'?

Notas:

Week 8: Bekering & reaksie

Skrifgedeelte: Hand. 9: 1 - 19

Teksgedeelte: Hand. 9: 15 & Jer. 31: 18b (1953 – vert)

Tema: Bekeer my, sodat ek my sal bekeer!

Week Fokus: Bekering en reaksie!

Bekering bestaan hoofsaaklik uit twee dele: Afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens. Wat ons goed moet verstaan is dat die twee nie los van mekaar werk nie. Die nuwe mens kan nie opstaan sonder die afsterf van die ou mens nie, die afsterf van die ou mens het nie waarlik gebeur wanneer die nuwe mens nie as reaksie daarop opstaan nie.

Bekering gebeur deur die genade van die Here en die werking van sy Woord en Gees, maar bekering leef in die reaksie van die bekeerde – wanneer beide voorkom is daar ware bekering soos met Paulus.

Bekering van jou sonde is nie net jammer wees oor wat jy gedoen het nie, maar anders wees in wat jy gaan doen. Die Here het `n doel met bekering, dat die wat Hy tot bekering bring sy eiendom word maar ook dat hulle die instrumente in sy hand word om die werk te doen waarvoor Hy hulle maak en roep.

Wat is: 'bekeer my, dat ek my bekeer'?

Notas:

Op reis saam met Paulus: Eerste Sendingreis

Week 9: Vanuit Antiogië na die lande om te gaan oes

Skrifgedeelte: Hand. 13: 1 – 3 & Lukas 10: 1 - 24

Teksgedeelte: Hand. 13: 2b & Luk. 10: 2

Tema: Uit om te oes!

Week Fokus: Vanuit Antiogië na die lande om te gaan oes

Die Here ontwikkel die model van "dissipels maak dissipel"s juis oor die waarheid wat ons in hierdie gedeelte sien: Die oes is groot! As ek en jy nie nou besig is om te oes nie (of te poog om te oes nie) is ons nie besig om ons werk as dissipels te verrig nie.

`n Kerk wat nie uitgaan nie, maar net na binne funksioneer, is `n dooie kerk. Wat is uitgaan dan? Ons sien in die teks word Paulus en Barnabas afgesonder om uit te gaan. Hulle gaan dan na ander dorpe en streke toe. Die Here werk op hierdie manier maar dit is nie die enigste bedoeling met ons roeping om uit te gaan nie. Om uit te gaan beteken eerder: Daar waar jy kom, is jy besig om te oes - oral waar jy kom?

Die prediking wat jy op `n Sondag hoor is bedoel om jou op te lei, te versterk maar ook om deur jou uitgedra te word aan ander.

Hoe gaan jy hierdie week te werk om te gaan 'oes'?

Notas:

Week 10: Die towenaar van Pafos

Skrifgedeelte: Hand. 13: 4 - 12

Teksgedeelte: Hand. 13: 10

Tema: Wat is jou reaksie op hulle wat die Woord verdraai?

Week Fokus: Die towenaar van Pafos

Ons ontmoet hierdie man wat die waarheid verdraai, niks anders as `n leuen verkondig nie en dan boonop ander probeer weghou daarvan om die waarheid van die Woord te hoor.

Hierdie is algemeen vandag. Ons noem hulle dalk nie towenaars nie, maar vals profete is orals. Onthou selfs die mees subtiele verdraaiing van wat die waarheid van die Here is, is vals. Ons sien ook dat strome mense agter hierdie mense, hulle beloftes en 'empowerment' aanstroom. Ons sien baie keer dat dit afgemaak as 'nie so erg nie' die boodskap was dan mooi.

Twee dinge:

1. **Ken jy die waarheid van Jesus goed genoeg dat jy die valsheid kan uitken?**
2. **Hoe reageer jy op die valsheid? Apologeties of blind?**

Notas:

Week 11: Antiogië in Pisidië: 'Hier is ek, ek is bereid!'

Skrifgedeelte: Hand. 13: 13 – 16 & Jes. 6: 1 – 13

Teksgedeelte: Jes. 6: 8 – 9

Tema: Altyd bereid en gewillig vir die Here

Week Fokus: 'Hier is ek, ek is bereid!'

Wanneer daar gevra word 'wie sal open met bybellees en bid?' of 'wie sluit vir ons af?', wanneer daar gevra word: 'wie gaan hierdie doen?' of 'wie sal hierdie mense gaan besoek of help?' dan hoor ons dikwels `n stilte so stil dat 'so stil soos `n muis' sy krag verloor.

Is daar by ons gretigheid en lus '*to cease the opportunity'* wanneer ons die geleentheid kry om die Here te dien en bedien of ons gawes te gebruik. Elke dag wanneer jy wakker word roep die Here opnuut na jou 'vandag stuur ek jou om vir My te werk' vat ons die geleentheid orals waar ons kom?

As gelowiges moet ons na Jesus kyk en sy bereidheid en gewilligheid sien en navolg.

Notas:

Week 12: Ikonium: Die kontras tussen die kerk en die wêreld!

Skrifgedeelte: Hand. 14: 1 - 6

Teksgedeelte: Hand. 14: 2

Tema: Om uit te gaan en die beste vir ander te soek

Week Fokus: Die kontras tussen die kerk en die wêreld!

Die kerk kan die wêreld iets bied wat hulle lewens nodig het. Wêreld soek ondergang en kerk soek mense se 'opgang'. Dit wat die wêreld leer is alles is oor 'jou' en daarom leef mense verhard teen mekaar, vertrap mekaar, hou mekaar by ondoenbare standaarde ens. So breek mense mekaar dikwels af. Jesus leer: 'offer jou lewe vir My, ter wille van ander'. Daaruit spruit die opdragte om goed te doen aan mense, lief te hê en te help.

In hierdie teks sien ons hoe die ongelowiges die mense teen Jesus verhard. Hulle eie wil en gewoontes soek vir ander. Soek dat ander eerder doen, dink en wees soos hulle is.

Wat begeer jy vir ander? Gaan jy 'actually' uit en gee dit wat hulle nodig het?

Notas:

Week 13: Listra: Die storm van Zeus en Hermes

Skrifgedeelte: Hand. 14: 8 - 20

Teksgedeelte: Hand. 14: 11

Tema: Om God nie te verheerlik nie, is om God mis te kyk!

Week Fokus: Die storm van Zeus en Hermes: Afgode

Ons sien in hierdie gedeelte misplaaste verheerliking wat spruit uit misplaaste vertroue!

Die teks begin deur duidelik te maak dat die man wat genees is, na Paulus se woorde geluister het. Ons weet wat daardie woorde was: Die verkondiging van die Evangelie van Jesus Christus. Dit is daarom eintlik heel maklik om af te lei dat hulle God as die enigste God verkondig het, Jesus as die verlosser van die mensdom en dat al die eer God toekom. Ook toe hierdie wonderwerk gebeur was dit tydens die verkondiging van die mag en koningskap van Jesus Christus.

Wat gebeur? Die mense verheerlik Paulus en Barnabas. Alhoewel ons weet en sien dat Paulus hulle ernstig vermaan en teregwys weet ons hierdie is die gevolg van misplaaste vertroue – afgode. Enige plek waar jy iets of iemand meer vertrou/belangriker ag/verheerlik in plaas van God, maak jy `n afgod in jou lewe. Die Zeuse en Hermesse in ons lewens is dalk meer algemeen as wat ons dink.

Wat verstaan jy van afgode? Dink jy dat jy enige afgode het?

Notas:

Week 14: Terug na Listra, Ikonium en Antiogië

Skrifgedeelte: Hand. 14: 21 – 28 & Jak. 5: 7 - 11

Teksgedeelte: Hand. 14: 22

Tema: Begin is maklik, volhouding is die werk!

Week Fokus: Terug na Listra, Ikonium en Antiogië: Om mekaar te versterk in volharding!

Nasorg is wat ons hier sien. Paulus en Barnabas gaan terug na hierdie gemeentes om te kyk hoe dit met hulle gaan en hulle in die geloof te versterk. `n Groot fokus val op die oproep tot volharding. Ons, as mense weet, volharding `n baie moeilike ding, dit is dikwels maklik om iets te begin, maar die volhou daarvan skep uitdagings en vereis absolute toewyding. In geloof is volharding essensieel en iets waarop ons elke dag moet fokus. Ons moet enduit volhou en volhard (Fil. 1).

Dan leer ons ook hier dat dit iets is waarmee ons as mense mekaar moet help. Ons moet na mekaar uitreik en opvolg om seker te maak ons volhard saam in die geloof. Dit gaan met liefde en inspanning gepaard en dit moet gebeur in `n liefdevolle fokus op mekaar se welbehae. Dit gaan dikwels ook teregwysing van ons vra, maar die waarheid bly: Saam is ons sterker!

Hoe belangrik is volharding in die geloof en watter rol speel ons in mekaar se volharding?

Notas:

Op reis saam met Paulus: Tweede Sendingreis

Week 15: Kerklike leierskap

Skrifgedeelte: 1 Tim. 3: 1 – 13

Teksgedeelte: 1 Tim. 3: 1

Tema: Watter soort leier is jy?

Week Fokus: Kerklike leierskap

Leiers 'lei' julle mense, moet hulle nie laat 'ly' nie.

Die roeping van leiers is `n geweldige groot een. Dit is een persoon wat na omgesien word maar self ook na ander omsien en hulle in `n gesonde geestelike lewe moet begelei en bedien. Leiers wat radikaal en dinamies dien het ook `n positiewe en motiverende effek op die mense wie hulle lei.

`n Geweldig belangrike ding van leierskap is dat leiers sonder ophou lei want as hulle ophou dan laat hulle ander ly. As geestelike leiers sal dit dikwels gebeur dat ons werk uiters uitdagend is en ons gereeld voel ons het nie al die gereedskap nie. Ons roeping hier is om te volhard in die goeie werk en ook te volhard in ons persoonlike groei.

Hoe sien jy `n leier en hoe lei jy self?

Notas:

Week 16: Die geheim tot rykdom rig die hande in aksie

Skrifgedeelte: 1 Tim. 6: 2b – 10

Teksgedeelte: 1 Tim. 6: 6

Tema: Hoe maak jy groot winste?

Week Fokus: Die geheim tot rykdom rig hande in aksie

Daar is altyd verskillende dinge waarna mense streef om vervulling te vind. Gereeld vind ons ontevrede mense. Die gevolg is dat hoe meer ontevrede mense is in hulleself en hulle lewens, hoe meer gryp hulle na allerhande dinge om tevrede en vervul te voel.

Is jy ooit volkome tevrede oor alles in jou lewe? Selfs oor die swaar en seer?

Die Here leer orals in sy Woord dat die mens slegs ware en volkome tevredenheid en geluk vind in Hom. So het God ook die mens geskep om in en uit Hom te leef. Ons moet elke dag streef en werk om in die geloof nader aan God te groei deur met Hom besig te wees in sy Woord, gebed en werke. Verder moet ons ook besef dat hoe meer ons in sy roeping vir ons lewens oorgee en daarin leef, hoe meer volmaak ons tevredenheid sal raak want deur dit te doen kom jy elke oomblik nader aan jou skeppingsdoel en dit waarvoor jy bedraad is. Wees daarom hart en hande besig om ryker te word in God.

Notas:

Week 17: Getrouheid aan jou roeping

Skrifgedeelte: 2 Tim. 1: 6 – 18

Teksgedeelte: 2 Tim. 1: 8b

Tema: Vol van die Gees van krag, liefde & selfbeheersing!

Week Fokus: Getrouheid aan jou roeping

`n Mooi belydenis wat ons kan maak is:

Dieselfde krag wat Christus uit die dood laat opstaan het, die krag van God, werk ook in ons deur sy Gees wat ons bewoon. As die Here se krag dan sonder beperking of grense is, kan ons as mense ooit voel ons roeping is onmoontlik?

Omstandighede, situasies en mense sal jou gereeld laat voel dat die stryd te swaar is, die geveg nie wenbaar nie. Die Here leer egter dat hierdie soms die mees waardevolle tye en situasies is en dat wanneer jy volhard in hierdie tye jou geloof op die mees kosbare manier sal groei en vrug dra. Dat die krag van die Heilige Gees ook geopenbaar word in hoe gelowiges vasstaan in liefde en selfbeheersing en daarom sonder ophou bly bedien.

Is dit vir jou moeilik om getrou te bly aan jou roeping? Waar vind jy die krag om dit te doen?

Notas:

Week 18: Apologete van God se waarheid

Skrifgedeelte: 2 Tim. 4: 1 – 8

Teksgedeelte: 2 Tim. 4: 2

Tema: So in my dit gaan uit my!

Week Fokus: Apologete van God se waarheid

Die tyd waar die mense die gesonde leer van Jesus Christus, die waarheid van God, nie meer verdra nie, het in `n groot mate aangebreek. Ons sien vandag verskeie groeperings en ons hoor mense baie vals dinge oor die Here leer. Ons sien selfs baie kerke wat afdwaal en wegdoen met die waarheid van die Here. Wanneer ons na hierdie dinge kyk dan vul dit ons dikwels met skok en afgryse, maar wat doen ons daaraan?

Ons kan nie sê dat ons `n kerk van die waarheid is, sonder dat ons ook vir daardie waarheid opstaan, dit verdedig en dit tydig en ontydig bedien nie. Om met skok kennis te neem van mense wat afdwaal is nie alleen wat ons roeping is nie, maar om daardeur gemotiveer te word om die Gereformeerde leer al meer te bedien en uit te dra, ook ons bedienings veld te verbreed, dit is die reaksie wat ons moet hê.

Daarom moet ons ook onsself oplei en laat oplei sodat ons so bekend is met die waarheid dat ons die valsheid kan uitken en weerlê.

Wat moet ons reaksie op valsheid wees en hoe motiveer dit ons in ons roeping?

Notas:

Week 19: Positiwiteit haal ander oor en is `n kenmerk van vertroue

Skrifgedeelte: Fil. 2: 12 – 18

Teksgedeelte: Fil. 2: 14

Tema: Die Jesusstad se ligte is aan!

Week Fokus: Positiwiteit haal ander oor en is `n kenmerk van vertroue

Ons lewe in `n wêreld en `n tyd waarin almal baie negatief is. Dit is vir seker so dat daar nie `n tekort is aan dinge om oor negatief te wees nie. Daar is baie en vir ons elkeen het dit verskillende vlakke. Ons moet wel vra:

1. Is negatiwiteit iets wat by `n dissipel van Jesus hoort?
2. Hoe baie doen negatiwiteit afbreek aan die Goeie nuus van Jesus, in mense se oë?

Die antwoord op die eerste vraag is: Nee! Natuurlik is ons mense en dit gaan gebeur dat ons negatief raak maar ons moet dit beveg met ons geloof in God se heerskappy. Ons kyk ook nie probleme mis nie, maar ons benader dit met `n 'regmaak en verander' mentaliteit.

Wanneer ons kyk na die tweede vraag dan is dit ook baie maklik om te verstaan dat as jy goeie nuus vertel met `n negatiewe houding en mentaliteit, niemand sal glo dat jou nuus so goed is nie. Ons het al die rede om bly en positief te wees oor Jesus Christus ons Verlosser en Heerser oor die wêreld en ons lewens, dit is wat jy moet deel. Die lig van Jesus wat skyn en ons woonplek verlig - waar ons Jesus bring, bring ons lig!

Hoe gaan jy jouself meer positief oriënteer?

Notas:

Week 20: Dit vereis `n spesifieke ingesteldheid om `n uitgaandissipel te wees

Skrifgedeelte: Fil. 4: 2 – 20

Teksgedeelte: Fil. 4: 8b

Tema: Die Jesusstad se weg is gebaan!

Week Fokus: Dit vereis `n spesifieke ingesteldheid om `n uitgaandissipel te wees

Wanneer `n mens die plek waarheen jy op pad is goed ken en veral van daardie plek hou, dan is dit maklik om die pad daarheen te vind, met opgewondenheid te reis en uit te sien na jou tuiskoms by hierdie plek.

So is dit met die koninkryk van God, die weg is gebaan en die koninkryk is bekend gemaak. Wanneer ons as mense dit leer ken en daaroor bly en opgewonde is dan is die volgende logiese stap om elke volgende tree in die rigting van daardie bestemming te gee. Die rigting wat Jesus vir ons bekend maak, die Weg wat Hyself is. Ons weg is gebaan want dit is Jesus Christus en ons bestemming is heerlik want dit is sy koninkryk.

Ons roeping is daarom geweldig want ons moet altyd daarheen bly reis en altyd besig wees om mense saam met ons te neem met die goeie nuus van die nuwe stad Jerusalem.

Notas:

Week 21: Tot alles in staat deur die krag van God

Skrifgedeelte: Fil. 4: 10 – 20

Teksgedeelte: Fil. 4: 13

Tema: Die Jesusstad het krag wat nie vergaan!

Week Fokus: Tot uitgaan in staat deur die krag van God

Hierdie is seker die mees gebruikte en dikwels mees misbruikte vers in die Woord van die Here. Ons het in ons vorige temapreek gesels oor die nuwe weg waarop ons is en vandag gaan ons verder en maak duidelik wat ons op daardie weg in staat stel, die krag van God.

Soos ons `n vorige keer gesels het oor hierdie krag van God onthou en weet ons dat dit sonder perke en gebreke is, dat dit volmaak is en binne ons werk vir God se eer. Vandag wil ons met die gedagte verder gaan en vra:

Wat is jou ingesteldheid oor hierdie krag van God?

Laat dit jou werklik bely met volkome vertroue: ‘ek is daardeur tot alles instaat’.

Notas:

Week 22: Wat gebeur as ek sterf?

Skrifgedeelte: 1 Tess. 4: 13 - 18

Teksgedeelte: 1 Tess. 4: 14

Tema: Jesus se opstanding verseker ook ons eie opstanding

Week Fokus: Wat gebeur as ek sterf?

Die dood is vir die mens die mees vreesaanjaende realiteit wat wag. Saam met hierdie menslike vrees kom ook die geweldige hartseer en pyn wat die afsterwe van iemand waarvoor ons lief is by ons veroorsaak. 'n Seer wat dikwels nooit weggaan nie.

Die teks maak duidelik dat ons treur met hoop. Die bron van daardie hoop is Jesus. Jesus wat die dood oorwin het en die lewe gee aan elkeen wat in Hom glo en in die geloof aan Hom vashou. Dit troos ons om met hoop te treur en ook met hoop aan dood te dink, met die wete dat ons by die Here gaan tuiskom en dat ons geliefdes wat sterf by Hom tuis is.

Die wêreld daarbuite swig onder die vrees vir die 'einde', gaan getuig die kerk dat dit eintlik net die begin is?

Notas:

Week 23: Maranatha

Skrifgedeelte: 1 Tess. 5: 1 - 11

Teksgedeelte: 1 Tess. 5: 6

Tema: Elke oomblik, sonder ophou, vir Jesus!

Week Fokus: Maranatha!

Is jy gereed? Nou?

Vir hierdie waarheid vertel Jesus die verhaal van die tien meisies wat met hulle lampe vir die bruidegom gewag het (Matt. 25:1 – 13). Dat die helfte van hulle nie voorberei het nie en daarom onkant gevang is en deur die Here uitgesluit is.

Ons gereedheid bestaan in die manier waarop ons besig is om ons roeping in die gebruik van ons gawes uit te leef? Ons weet die hemel word slegs deur die genadige verlossing van Jesus vir ons oopgesluit en dat ons hiertoe geen bydrae maak nie. Die Here maak tog duidelik dat die wat aan hierdie koninkryk behoort, altyd besig is om hulle vir hierdie koninkryk te beywer en gereed is vir die terugkom van die Koning.

Wat wys jou roepingsaktiwiteit oor jou gereedheid vir Jesus se koms?

Notas:

Week 24: Vrede in vredeloosheid

Skrifgedeelte: 2 Tess. 3: 16 - 17 & Matt. 5: 9

Teksgedeelte: 2 Tess. 3: 16

Tema: Uit vrede en van vrede = Kinders van God

Week Fokus: Vrede in vredeloosheid

Jesus bring vrede, Hy is die vrede. Hy bring vrede tussen God en die mens nadat die mens vyandskap met God verklaar het deur te val in die sonde en daarom as sondaars vanuit God se heerlike teenwoordigheid uitgesluit word.

Ons ken vredeloosheid baie goed. Ons weet van baie situasies en verhoudings waar dit vir ons onmoontlik voel om vrede te hê of te maak. In Jesus bestaan daardie vrede wel en die wêreld het Hom nodig.

Om Hom te bedien/verteenwoordig/uit te leef is om vrede in ander mense se lewens te bring.

Gaan en bring vrede, kind van God (Luk. 10).

Notas:

Week 25: Eenheid is onvervangbaar in spanwerk

Skrifgedeelte: 1 Kor. 1: 10 – 17

Teksgedeelte: 1 Kor. 1: 10

Tema: Na die eindhoeke van die aarde vat spanwerk!

Week Fokus: Eenheid is onvervangbaar in spanwerk

Een van die mees uitdagende dinge wat bestaan met die samestelling van die kerk is die diversiteit van mense wat moet saamkom vir `n gemene taak en om saam daaraan te werk. Dit is wel ook een van die mooiste dinge wat in die kerk bestaan, want verskeidenheid van mense beteken `n verskeidenheid van gawes en moontlikhede.

Wat egter moet gebeur vir dit om saam te werk en ontgin te word is dat ons as `n eenheid moet leef en verdeeldheid moet beveg. Een in geloof en ook in gesindheid. Hierdie is dieselfde gesindheid wat daar in Jesus was wat hier nodig is. Diensbaarheid, nederigheid en selfopoffering. Dit is hierdie dinge wat mense saambring, in verskille sterker maak en hulle as `n span laat funksioneer. Spanne wat saamwerk het groot impak en is baie minder breekbaar!

Notas:

Week 26: My liggaam - `n Tempel van die Heilige Gees!

Skrifgedeelte: 1 Kor. 6: 12 – 20

Teksgedeelte: 1 Kor. 6: 17

Tema: Die Here is saam, oral waar ek gaan! Hy is daar, in alles wat ek doen!

Week Fokus: My liggaam - `n Tempel van die Heilige Gees!

My liggaam, my keuse?

Die narratief van die tyd waarin ons leef is dat die mens aan hom/haarself behoort en aan niemand hoef te antwoord nie. So ook met ons liggame en lewens, niemand of niks mag iets daaroor sê of ons voorskryf nie. In so 'n gesindheid bestaan die sondige regverdiging van iets soos aborsies, sedelose lewens ens.

As gelowiges weet ons egter alles wat die mens is behoort aan die Here en moet vir sy eer gebruik word, ook my lewe en my liggaam. Deur die geloof word ons een met die Here. Op so 'n vlak dat Paulus leer "*Dit is nie meer ek wat lewe nie, maar Jesus Christus wat in my lewe"* – Gal. 2:20. Ons dink dus anders oor ons lewens en ook oor ons liggaam. Ons bring ook `n nuwe boodskap oor hierdie waarheid aan die valse wêreld.

Hoe gebruik ek dan my liggaam vir die Here se eer?

Notas:

Week 27: Om mekaar en ander in ag te neem

Skrifgedeelte: 1 Kor. 8: 1 – 13

Teksgedeelte: 1 Kor. 8: 9

Tema: Die gebou staan omdat die stene mekaar dra en vashou!

Week Fokus: Om mekaar en ander in ag te neem

In goeie konstruksiepraktyk word elke steen wat in `n enkel muur gelê word omring, geraak en versterk deur ses ander stene – juis daarin is die krag en strukturele integriteit van so 'n muur. So gebeur dit dan ook dat `n steen wat gekraak of gebreek is sterk gemaak word in die muur en sy doel vervul omdat hy binne die groter struktuur eintlik heel gemaak word.

Ons is nie almal op dieselfde vlak in die geloof nie. Sommiges van ons het krake, is swakker aanmekaar gesit of het een of ander swak plek. Dit is maklik wanneer ons los staan van mekaar om te breek of uit mekaar te val. Daarom vereis ons as een gebou met Jesus as ons hoeksteen en sy Woord as ons fondasie sodat ons vanuit Jesus ook mekaar se swakhede kan versterk en mekaar kan aanvul.

Neem mekaar se swakhede in ag met die oog daarop om dit te versterk.

Notas:

Week 28: In liefde een

Skrifgedeelte: 1 Kor. 13: 1 – 13

Teksgedeelte: 1 Kor. 13: 5 – dit jaag nie eiebelang na nie

Tema: Liefde is: Vir God en vir mekaar!

Week Fokus: In liefde een!

`n Groot probleem met ons as mense is dat ons dikwels na die liefde kyk as `n weegskaal. Ons doen so in ons huwelike, vriendskappe en verhoudings in die algemeen. Hierdie weegskaal werk so: As ek iets in die bakkie insit dan tip die skaal en verwag ek eers van die persoon in 'n betrokke verhouding om ook iets in te sit sodat die skaal weer gelyk hang. Dit is `n soort van vergeldingbeginsel. Ek sal gee as jy gee, ek sal doen soveel as wat jy doen ens. Die probleem is dat hierdie nie ware liefde is nie, want ware liefde soek nie sy eie belang nie.

Jesus se liefde is die voorbeeld van ware liefde. Hy het opgeoffer en niks terug gekry nie, Hy het gedoen meer as wat die mens kan bepaal en was diensbaar sonder perke en dit alles vir mense wat dit nie verdien nie. Sy liefde is liefde wat offer en die belang van ander dien.

Wat sal die effek wees van liefde wat nie sy eiebelang soek nie, in ons samelewing en verhoudings?

Notas:

Week 29: Profesie en praat in tale

Skrifgedeelte: 1 Kor. 14: 1 – 25

Teksgedeelte: 1 Kor. 14: 1

Tema: Hoe praat God?

Week Fokus: Profesie en praat in tale

Ons sal baie hoor dat mense sê:

- Die Here het hierdie of daardie nuwe ding aan my geopenbaar. Dalk deur `n gesig of droom of hoe ook al.
- Die Here het my in tale laat profeteer.

Ons sien hierdie dinge ook gebeur in kerke en ons wonder of ons dalk iets mis want in ons kerk gebeur dit nie?

Daarom wil ons kyk of daar wel iets soos nuwe profesie is en of die Bybel soos ons dit het die finale en volmaakte bekendmaak van God se wil en weg vir ons is. Ons moet ook vra wat is die Bybelse praktyk oor praat in tale en of dit wel moet gebeur. In hierdie gedeelte wat ons saamgelees het gee die Here deur Paulus riglyne aan die gemeente van Korinte en ook aan ons, wat leer Hy?

Notas:

Week 30: `n God van orde en vreugde?

Skrifgedeelte: 1 Kor. 14: 26 – 40 & 2 Sam. 6: 1 – 23

Teksgedeelte: 1 Kor. 14: 33 & 2 Sam. 6: 16

Tema: Ons aksies in God se teenwoordigheid

Week Fokus: `n God van orde en vreugde?

Hoe behoort ek op te tree in God se teenwoordigheid?

Ons sien radikale verskille in die maniere waarop verskillende gelowiges voor die Here optree. Ons sien ook `n radikale verskil tussen die optrede van mense wanneer hulle in die 'kerk' is en wanneer hulle, hulle gewone daaglikse gang gaan. Twee dinge kom by `n mens op:

- Ons is altyd kerk orals waar ons gaan.
- God is oral teenwoordig, nie net Sondag wanneer ons erediens hou nie.

Die Bybel leer dat God van orde hou en dit is die waarheid, Hy doen. Ons moet wel ontdek wat Hy met hierdie orde bedoel en leer. Mikal beskuldig vir Dawid van onordelike gedrag voor God en die Here straf haar. Ons moet daarom ons aksies ondersoek en nuut inrig want orals waar ons gaan is God en orals waar ons gaan, is ons kerk.

Sien die wêreld dit in jou?

Notas:

Week 31: `n Skat in kleipotte

Skrifgedeelte: 2 Kor. 4: 1 – 15

Teksgedeelte: 2 Kor. 4: 5

Tema: Waarvan ek vol is, straal by my uit!

Week Fokus: `n Skat in kleipotte

Dit is 100% logies dat die inhoud van bv. `n houer of bottel, die produk sal wees wat uitkom wanneer jy daardie houer of bottel uitgooi. So is dit met gelowiges: dit waarvan ons onsself en ons lewens volmaak is wat te voorskyn sal kom wanneer die lewe ons 'ondersoek'.

Ons is dikwels soos deurskynende plastiekbottels: Mense kan sien wat in ons is! Hulle sien dat ons mooi vroom leef, die Here se wil soek en dat die mooi van Jesus binne ons is, maar omdat daardie bottel so geseël en geïsoleer is, gebeur dit dikwels dat al daardie mooi niemand raak nie. Dit gaan nie uit nie, dit is vasgevang in daardie een bottel en niemand deel daarin nie.

Die Here maak ons breekbare kleipotte, `n kleipot breek maklik, is vol krake en lekke. Dit is sodat ons soos ons vol word van die skat van Jesus Christus ook daardie skat deel en daarmee uitgaan. Ons geloof moet nie net mooi lyk nie, dit moet mooi maak!

Notas:

Op reis saam met Paulus: Derde Sendingreis

Week 32: Om te bou saam God

Skrifgedeelte: Ef. 2: 19 – 22

Teksgedeelte: Ef. 2: 21

Tema: Is die deure van ons woonplek oop?

Week Fokus: Om te bou saam met God

Iemand kan vir jare voor jou deur staan en klop, maar as jy dit nie oopmaak nie dan kan daardie persoon nie inkom nie. Dikwels maak ons as die kerk dieselfde met die wereld deur die manier waarop ons graag funksioneer.

Ons tyd, omgewing en kultuur staan en klop, gereed om deur die Bybelse leer verander te word maar ons hou die deur toe. Dit gebeur op baie verskillende persoonlike en nie persoonlike vlakke wat ons graag sal bespreek.

Wat ons moet besef is dat om saam met God te bou beteken om die gebou – die kerk, vir almal `n tuiste te maak waar ons saam groei in God se eer en waarin Hy in alles verheerlik word. Dit help nie ons gaan uit in die wêreld, maak mense bymekaar maar ons het nêrens om hulle heen te bring en `n heenkome te gee nie.

Notas:

Week 33: *Ons roem oor Jesus*

Skrifgedeelte: Rom. 3: 21 – 31

Teksgedeelte: Rom. 3: 27

Tema: Deur Jesus alleen!

Week Fokus: Ons roem oor Jesus

Dit is vir ons as mense maklik om oor dinge te spog. Ons kinders se prestasies, `n jongman se nuwe motor, `n persoon wat getrou het of iemand wat `n groot prestasie behaal het. Op verskillende maniere en verskeie platforms sit ons lewens op '*billboards*' sodat mense hierdie mooi daarvan kan sien en in ons vreugde kan deel. Die is ons grootste blydskappe waarin ons so maklik roem.

Die kerk se roeping is om Jesus op `n '*billboard*' te plaas deur Hom aan die wêreld bekend te maak. Dit bly wel nie daarby nie, ons moet Hom ook bedien en uitleef. Die waarheid bly wel dat sy heerlikheid in die kerk sigbaar gemaak moet word. Wanneer Hy ons grootste blydskap, vreugde en mag ek sê trots word, dan gaan dit ook meer natuurlik gebeur dat ons Hom bekend maak en in Hom roem.

Notas:

Week 34: Elke dag meer Jesus

Skrifgedeelte: Rom. 12: 1 - 2

Teksgedeelte: Rom. 12: 2

Tema: In Jesus alleen!

Week Fokus: Elke dag meer Jesus

Die basis van alles wat vir die gelowige geleer word en gevra word in hierdie teks vind ons in v. 1 wanneer die Here deur Paulus aan ons skryf: "Ek doen `n beroep op julle, op grond van die groot ontferming van God"

Wat vir ons geleer word dat die grondslag, die rede, die motivering vir doen wat die Here in die teks vra ons moet doen is dit wat Hy reeds gedoen het. God se goedheid is die diepste grond vir sy kinders se soeke en strewe na vervulling van sy Wet, God se beloftes is die grond van sy eise. In effek praat ons dus van reageer. Die Here doen, ek moet reageer. Hierdie reaksie word gedryf of gemotiveer deur wat God doen. Paulus noem dit hier die groot ontferming van God.

Hierdie is Jesus wat verlos en nuut maak. Dit is in Hom waar ons nuwe lewe kry en dit is deur Hom wat ons oorgegee word aan Hom in hierdie nuwe lewe, onsself aan God wy en offer in gehoorsaamheid aan sy wil.

Notas: